

# HUISGODSDIENS - WEEK 1

## 'n Pragtige wêreld

### Ons Kaart

Soos ons Genesis begin, sien ons 'n aantal belangrike beginpunte: die begin van die wêreld, van diere, van mense, van die sabbat, van die huwelik, van werk, van sonde, van redding, van die dood, van God se verbond, en van God se spesiale volk. Ons kan nie stilstaan by alles nie, maar as jy tyd het, kan jy 'n paar verse lees soos ons deur die temas gaan die week.

### Vers vir die week

*Probeer om dit te memoriseer.*

Genesis 1:1

### MAANDAG

Genesis 1:1–5 Die begin van die wêreld

1. Wat is die eerste woorde van God in die Bybel (v. 3)?  
“Laat daar lig wees”
2. Wie word die “lig van die wêreld” genoem in die Bybel” (Johannes 8:12)?  
Jesus Christus is die lig van die wêreld.

Laat God eerste en meeste in jou lewe praat as jy die lig van Jesus in jou lewe wil hê.

Vra God om die lig van Jesus in die wêreld in te stuur.

### DINSDAG

Genesis 1:20–25 Die begin van die diere

1. Wat het God die diere beveel (v. 22)?  
Wees vrugbaar en vermeerder
2. Wat sê die aantal en verskeidenheid diere wat God geskep het vir ons oor God?  
Dit sê vir ons dat God verbeeldingryk en vrygewig is.

Elke keer wat ons 'n dier sien, moet ons God aanbid wat so baie van hulle in so 'n verbeeldingryke wyse geskep het.

Dank God vir die pragtige verskeidenheid en bruikbaarheid van die diere wat Hy geskep het.

## WOENSDAG

Genesis 1:26–31 Die begin van mense

1. In wie se beeld het God mans en vroue geskep (v. 27)?  
In Sy eie beeld.
2. As almal in God se beeld geskep is, hoe moet dit die manier wat ons mense behandel verander (Jakobus 3:9–10)?  
Ons moet hulle met respek hanteer en oor hulle praat met groot sorg.

Ons aanbid 'n perfekte God wat 'n perfekte wêreld en perfekte mense geskep het.

Vra God om jou te herinner dat alle mense Sy beelddraers is en vra Hom vir hulp om hulle so te hanteer, met omgee en respek.

## DONDERDAG

Genesis 2:1–4 Die begin van die Sabbat

1. Wat het God op die sewende dag gedoen (v. 2)?  
Hy het gerus.
2. Hoe moet dit die manier waarop ons ons week benader verander (Markus 2:27)?  
Ons wil God se voorbeeld volg en een dag in sewe hou vir God se heerlikheid en ons voordeel.

God hoef nie te gerus het vir sy eie voordeel nie, maar Hy het gerus om vir ons 'n voorbeeld te stel.

Dank God vir Sy liefdevolle geskenk van 'n weeklikse rusdag vir ons.

## VRYDAG

Genesis 2:8–9, 15–17 Die Begin van werk

1. Watter boom het God Adam beveel om nie van te eet nie (v. 17)?  
Die boom van die kennis van goed en kwaad.
2. Wat was die waarskuwing wat God aan Adam en Eva gegee het oor die boom van die kennis van goed en kwaad (v. 17)?

As julle van die boom eet sal julle sekerlik sterf.

God waarsku ons genadiglik en liefdevol oor die gevare van sonde.

Vra God om ons ore te gee om na Sy waarskuwings oor sonde te luister.

## SATERDAG

Genesis 2:18–25 Die Begin van die huwelik

1. Wat het God gesê was nie goed nie (v. 18)?

Dit was nie goed vir die mens om alleen te wees nie.

2. Hoekom beskryf die Bybel 'n getroude paartjie as “een vlees” (v. 24)?

God het die huwelik ontwerp om mense op die naaste manier moontlik te verenig.

Die Bybel gebruik die huwelik as 'n illustrasie om die verhouding tussen Christus en Sy kerk uit te beeld. Hy is die bruidegom en Christene is die bruid (Ef. 5:25-33). Dit is nie goed vir ons om los van Christus te wees nie. Dit is goed vir ons om verenig met Christus te wees.

Dank God vir die huwelik en vir families en bid vir die huwelik van Christus.

## SONDAG

Lees die belangrikste verse waaroor gepreek was vanoggend.

Wat het jy oor God geleer?

Wat het jy oor sonde geleer?

Wat het jy oor Jesus geleer?

Wat het jy oor die lewe geleer?

Wat is die grootste les van vanoggend se preek?

Wartoe lei dit ons om te bid voor?